

Onderhoud met Jacobus De Swardt (Oom Koos)

Gebore: 30 November 1926

Oorlede: 2018

Ouderdom: 91 jaar

Beroepsloopbaan: Onderwyser by Laerskool Anton van Wouw waar hy vyf en twintig (25) jaar betrokke was. Volgens hom het hy goed ingelê onder die kinders met die rottang.

Hy vertel dat hy altyd met sy rottang aan sy gestaan het. Een betrokke dag het hy die rottang voor die kinders neergesit sodat hulle dit kan sien. Een brawe seun staan toe op en dui aan dat hy sal buk vir 'n hou. Johan (dalk 'n mede onderwyser) het nader gestap en gesê hy sal buk vir 2 hou. Oom Koos maak toe of hy vir Johan slaan. Volgens Oom Koos het die kinders dit baie geniet. Hy het altyd daarvan gehou om die kinders te vermaak.

Oom Koos raak betrokke as Voortrekker by Dirkie Uys Kommando. Met die bou van die Kommando gebou, wat later afgebrand het, het Louis (Van onbekend) klaarblyklik baie gedoen om stene en boumateriaal te bewillig. Sodoende het die bou van die gebou hulle byna niks gekos nie.

Voortrekker loopbaan: Kommandoleier van Dirkie Uys kommando. (Volledige loopbaan rekord was nie verskaf nie).

Oom Koos skenk sy foto albums aan die Voortrekkers. Die albums is saamgestel deur sy Voël Verkenner-span wat dit aan hom oorhandig het. Hy is baie trots op hierdie albums aangesien hy geen bedrae daartoe gelewer het nie en dit deur sy "kinders" alleen gedoen is.

Volgens Oom Koos was daar twee (2) groepe in sy Voëlspan, die A groep wat van cigarettes, vuurhoutjies en rugby gehou het en die B span wat die "soet" en gehoorsame groep was wat ernstig oor hulle werk was.

Tydens 'n besoek aan die Transvaal Museum het elke lid van sy span sy eie tipe voël gekies wat dan op 'n T-hemp gedruk was.

Die meisie-span het later ontbind om deel te word van die Voëlspan.

Oom Koos maak ook melding van sy Blikskottel span vir wie hy baie lief was. Hy het deurentyd met hulle kontak gehou oor die jare. Op sy 80ste verjaarsdag het sy Blikskottel-span 'n T-hemp aan hom oorhandig. Voor op die T-hemp het gestaan "*80 en nog steeds 'n ...: en agterop die T-hemp "nog steeds 'n blikskottel".*

1992 Feeskamp: Tydens die Feeskamp het sy volle span met die ossewa gery. Hierdie ossewa staan vandag by die Voortrekker Monument. Dit is geskenk aan die Voortrekker Monument of voorwaarde dat die Voortrekkers die terrein gratis kan gebruik vir kampe.

Gunsteling Gebiedskamp: Lunsklip.

Oom Koos maak met groot vermaak melding van die Windpomp trofee. Hierdie trofee was toegeken aan 'n volwasse lid tydens die kamp wie die meeste caterwaul aangevang het. Daar was klaarblyklik ernstige mededinging vir hierdie trofee,

Een van die uitruil leerlinge van Laerskool Anton van Wouw was 'n Kanadese dogter, wie as eensame dogter deur Oom Koos uitgenooi was om saam te kamp by Lunsklip.

Oom Koos en sy vrou het haar ook met vakansie geneem na die wildtuin aangesien sy baie lief was vir die buitelewe.

Sy is later terug na Kanada maar vir vyf-en-twintig (25) jaar het hulle nog steeds gekorrespondeer